WinskoopToere

DROOM · LEEF · REIS

# Frankryk

# PLATTELANDTOER

## 2026









**FRANKRYK**

**PRYS**

**R73,000 P.P.**

**17 - 30 MEI 2026**

# TOER SAAM!

17 - 30 Mei 2026

BELEEF DIE BESTE VAN FRANKRYK SAAM MET *Winskoop Toere*


Yvoire

- Dag 1 Johannesburg
- Dag 2 Parys & Dijon
- Dag 3 Vézelay & Dijon
- Dag 4 Beaune & Annecy
- Dag 5 Annecy & Yvoire
- Dag 6 Pérouges & Avignon
- Dag 7 Saint-Paul de Mausole & Lourmarin
- Dag 8 Apt, Roussillon & Gordes
- Dag 9 Arles & Carcassonne
- Dag 10 Saint-Émilion & Bordeaux
- Dag 11 Amboise & Loire-vallei
- Dag 12 Chenonceau & Loire-vallei
- Dag 13 Giverny & Parys
- Dag 14 Johannesburg


Perouges


Annecy

# Frankryk




## FRANKRYK

HOOFSTAD: PARYS
TAAL: FRANS
GELDEENHEID: EURO (€)

---

## VISUM- EN PASPOORTVEREISTES

VISUM: SCHENGENVISUM DEUR FRANKRYK.
PASPOORT: GELDIG VIR TEN MINSTE DRIE MAANDE NA JOU BEPLANDE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA.

---

## WEERVOORSPELLING

15-25°C

SONNIG, MATIG MET 'N MOONTLIKHEID VAN REËN.







# Ons toerprys is R73,000 p.p. wat deel

## Enkeltoeslag: R15,000

(€1 = R20.50)





| ZAR/EUR | Toerprys |
|---|---|
| R18.50 | R70,000 |
| R19.50 | R71,500 |
| **R20.50** | **R73,000** |
| R21.50 | R75,000 |
| R22.50 | R77,000 |
| R23.50 | R78,500 |

**LET WEL:**

GEEN ekstra betalings vir groepsaktiwiteite word tydens die toer van ons toerlede gehef nie.







## KYK WAT IS ALLES IN ONS TOERPRYS INGESLUIT:

- Ekonomieseklas-retoervliegkaartjie van Johannesburg direk na Parys met AirFrance. Daar is ongelukkig geen Kaapstadvlugte vir hierdie toer beskikbaar nie.
- Lughawebelasting - mag toeneem a.g.v. wisselkoersverandering (tans geen);
- Gerieflike verblyf (bed en buffetontbyt) in dubbel- of twinkamers, elk met eie badkamer, in drie- en viersterhotelle;
- Aandetes soos gemeld in ons program of 'n subsidie van €25 p.p. vir aandetes wat nie as groep saamgeëet word nie;
- Privaat luukse bus vir die groep (met lugverkoeling en yskas) vir die duur van die toer;
- Fooi vir die busbestuurder: €26 p.p.;
- Twee ervare toerleiers vergesel die toer en neem met kundigheid en vriendelikheid die leiding. Wees ook gerus: Daar is dus altyd 'n ekstra persoon wat in geval van nood hulp kan verleen;
- Gekwalifiseerde Engelssprekende plaaslike gidse vir insiggewende stadstoere in Dijon en Saint-Émilion;
- Die gebruik van WinskoopToere se kwaliteit radio'tjies (oudiogidse) sodat almal die gidse ewe goed kan hoor.

## TOEGANGSGELDE EN UITSTAPPIES BY DIE PRYS INGESLUIT:

- Wynproe in Boergondië-streek;
- Dijon-mosterdproe in Beaune;
- Hôtel Dieu Hospice in Beaune;
- Garden of the Five senses in Yvoire;
- Bootvaart in Yvoire;
- Klooster van Saint-Paul de Mausole;
- Carcassonne-kasteel;
- Château du Clos Lucé;
- Château Chenonceau;
- Claude Monethuis en -tuine.

## WAT IS NIE INGESLUIT NIE?

- Visumkoste;
- Reisversekering;
- Middagetes;
- Drie AA-batterye vir gebruik in die radio'tjies;
- Enige ander toegangsgelde en uitstappies wat jy op jou eie onderneem – volgens jou eie voorkeur;
- Fooitjies en uitgawes van persoonlike aard.


Calissons d'Aix-en-Provence


Amboise


Hôtel Dieu Hospice, Beaune

## Dag 1 - So. 17 Mei 2026

### JOHANNESBURG

Ons groep vertrek vanaf O.R. Tambo Lughawe na **Parys**.

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**






## Dag 2 - Ma. 18 Mei 2026

### PARYS - DIJON

Ons arriveer by Charles de Gaulle Lughawe in Parys. Hier wag ons luukse bus, wat ons deur die Franse platteland gaan neem, reeds op ons.

Ons ry na **Dijon**, 'n stad in die Boergondië-streek. Dit val in een van die land se grootste wynbougebiede.

Ons gaan die volgende twee dae in Dijon oorbly en die omgewing verken.

**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: DIJON**

**STADSTOER MET GIDS**

## Dag 3 - Di. 19 Mei 2026

### VÉZELAY - DIJON

Ons ry vanoggend na **Vézelay**, 'n aantreklike dorpie wat oor die kruin van 'n heuwel met uitgestrekte uitsigte op die Monts du Morvan (heuwels van Morvan) geleë is.


Dit is op die randjie van Morvan Regional Park. Hierdie dorpie het al in die 11de eeu rondom die basilika (kerk) ontstaan. Die dorpie en die basilika self is 'n UNESCO wêrelderfenisgebied. Dit was 'n belangrike pelgrimsdorpie met die basilika wat tot eer van St. Maria Magdalena gebou is.

Hierna ry ons terug na **Dijon**. Buite die stad besoek ons een van die wynhuise in hierdie gewilde wynstreek en geniet 'n wynproe.

Daarna vertrek ons na die ou stad van Dijon om vrye tyd te geniet. Ons slaap in dieselfde hotel vanaand.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: DIJON**

**WYNPROE IN DIJON**



# Dag 4 - Wo. 20 Mei 2026

## BEAUNE - ANNECY

Vanoggend ry ons na die pragdorpie, **Beaune**.


Die ou stad is veral bekend vir die Hôtel Dieu – 'n unieke Middeleeuse hospice wat nogsteeds gebruik is as 'n hospitaal tot laat in die 20ste eeu. Ons besoek as groep hierdie gebou met sy unieke Boergondiese dak met gekleurde, geglasuurde teëls.

Van hier ry ons verder na die **Auvergne-Rhônestreek** in die Alpe. Ons besoek **Annecy**, 'n skilderagtige dorpie in die Alpe aan die Switserse grens, bekend vir sy meer en kanale wat deur die ou stad vloei.

Ons slaap vanaand en moreaand in hierdie mooi omgewing in 'n hotel in die hartjie van Annecy.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: ANNECY**

**HOTEL DIEU *HOSPICE***


Garden of the Five Senses, Yvoire


Yvoire


Annecy

# Dag 5 - Do. 21 Mei 2026

## ANNECY - YVOIRE

Ons vat vanoggend die pad na een van die mooiste dorpies in Frankryk – **Yvoire**.

Hierdie klein Middeleeuse stadjie is teenaan Genève in Switserland geleë. Daar word dikwels na hierdie dorpie verwys as die "Pêrel van die Genève-meer".

Ons spandeer 'n onvergeetlike oggend hier in die keisteen-stegies met hulle pragtige blomversierings en stadspoorte wat dateer uit die Middeleeue.

Ons groep geniet 'n heerlike bootvaart op die meer en besoek ook die besonderse Garden of the Five Senses.

Ons slaap vanaand weer in **Annecy**.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: ANNECY**

**BOOTVAART**

**GARDEN OF THE FIVE SENSES**

## Dag 6 - Vr. 22 Mei 2026

### PÉROUGES - AVIGNON

Ons groep se volgende stop in die Franse platteland is **Pérouges**.

In hierdie Middeleeuse dorpie, wat op 'n heuwel uittroon met die Franse Alpe in die agtergrond, voel dit of tyd gaan stilstaan het.

Die dorpie, met sy gotiese argitektuur en stadsmure wat steeds om die ou stad staan, het vandag slegs 100 inwoners.


Ons reistog na die suide van Frankryk duur voort. Ons ry na **Avignon**, vanwaar ons die volgende drie dae **Provence** verken.

In Avignon besigtig ons die Paleis van die Pouse en die beroemde Avignonbrug.


Ons slaap die volgende drie nagte in die hartjie van Avignon.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: AVIGNON**

**PALEIS VAN DIE POUSE**



Paleis van die Pouse in Avignon



Pérouges

## Dag 7 - Sa. 23 Mei 2026

### SAINT-PAUL DE MAUSOLE - LOURMARIN

Vandag verken ons die omgewing wat vir Vincent van Gogh soveel inspirasie gebied het.

Ons besoek die Klooster van **Saint-Paul de Mausole** naby Saint-Rémy-de-Provence, vanwaar Van Gogh meer as 150 skilderye van die omgewing geskilder het. Ons besoek ook die inrigting waar hy was.

Van hier ry ons na **Lourmarin**. Hierdie duisend jaar oue dorpie is een van die mooistes in Frankryk en is bekend as 'n kunstenaarsdorpie.

Hierna keer ons terug na ons hotel by **Avignon**.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: AVIGNON**

**KLOOSTER VAN SAINT-PAUL DE MAUSOLE**

## Dag 8 - So. 24 Mei 2026

### APT - ROUSSILLON - GORDES

Die unieke dorp, **Apt** word vandag besoek. Op 'n Saterdag verander die plaaslike inwoners van die omgewing feitlik die hele dorp in 'n buitelugmark waar ons groep heerlik kan rondloop en die plaaslike produkte kan bewonder en proe!

**Roussillon** met sy rooi kranse en oker steengroewe is volgende aan die beurt. Die kleurvolle dorpie troon uit op 'n heuwel vanwaar mens pragtige uitsigte kan geniet. Ons spandeer tyd hier om deur die dorpie te wandel.

**Gordes** is nog 'n juweel wat op 'n heuwel lê in Provence. Die huise in wit en grys stene spiraal boontoe om die rots waarop dit gebou is. Heelbo op die punt is 'n kerk en kasteel geleë wat uitkyk oor die heuwels van die Luberonbergreeks.

Na ons vrye tyd hier ry ons terug na ons hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: AVIGNON**



Arles



Carcassonne



Roussillon



Gordes

## Dag 9 - Ma. 25 Mei 2026

### ARLES - CARCASSONNE

Vanoggend vertrek ons eerstens na **Arles**.

Hierdie stad het 'n lang geskiedenis en was van groot belang vir die Romeine. Die Romeinse monumente van Arles, wat van hierdie geskiedenis getuig, is in 1981 as UNESCO-wêrelderfenisgebied gelys.

Baie kunstenaars het ook in hierdie area gewoon en gewerk, insluitend Pablo Picasso, Paul Gauguin en Vincent van Gogh.

Na ons die stad van Arles beter leer ken het vertrek ons na die imposante dorpie **Carcassonne**.

Carcassonne se kasteel is 'n Middeleeuse vesting wat terugdateer na die Gallo-Romeinse tydperk. Dit is vandag 'n UNESCO-Wêrelderfenisgebied. Kaartjies na die kasteel is ingesluit.

Ons ry later na **Toulouse**, waar ons vanaand gaan oornag.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: TOULOUSE**

**CARCASSONNE-KASTEEL**

## Dag 10 - Di. 26 Mei 2026

### SAINT-ÉMILION - BORDEAUX

Vanoggend vertrek ons na **Saint-Émilion**, 'n middeleeuse stad met 'n lang geskiedenis van wynmaak. Hierdie UNESCO-dorpie, omring deur wingerde, spog ook met sy Romaanse kerke en ruïnes wat al langs sy steil en smal strate strek.

Ons toergroep geniet 'n stadstoer onder leiding van 'n plaaslike gids.

Ons ry later verder na **Bordeaux** - die wêreldhoofstad van wyn. Die Romeine het, waarskynlik in die middel van die eerste eeu, wingerdstokke in die Bordeaux-streek ingebring om wyn vir plaaslike gebruik te verskaf en wynproduksie is sedertdien voortdurend in die streek.

Port de la Lune (hawe van die maan) ('n UNESCO-wêrelderfenisgebied wat vir honderde jare die meerderheid van Europa met wyn, koffie, kakao, suiker, katoen en indigo voorsien het) het in die 1800's Frankryk se besigste hawe geword asook die tweede besigste hawe in die wêreld, naas Londen.

Ons oornag in Bordeaux.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: BORDEAUX**

**STADSTOER MET GIDS**





Château du Clos Lucé



Saint-Émilion



Bordeaux

## Dag 11 - Wo. 27 Mei 2026

### AMBOISE - LOIRE-VALLEI

Ons vertrek na die lieflike **Loire-vallei**.

Ons besoek die **Château du Clos Lucé** in Amboise - 'n kasteel wat verskeie bekende eienaars soos die Franse koning, Charles VIII, en Leonardo da Vinci gehad het.

Da Vinci is op 2 Mei 1519 in sy kamer by die Clos Lucé oorlede. Dit is in 1855 omskep in 'n museum oor sy lewe, werk en ontdekkings.

Na ons uitstappie het almal vrye tyd om die res van Amboise te verken. Die koninklike Château d'Amboise is 'n besonderse kasteel wat jy kan besoek. Dit spog met pragtige uitstallings en kunswerke vanuit die Renaissance-tydperk.

Amboise se klein historiese strate bevat 'n paar pragtige voorbeelde van houthuise vanuit die 1400's - 'n plesier om te sien.

Ons oornag die volgende twee nagte in Amboise.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY HOTEL**
**OORNAG: AMBOISE**

**CHÂTEAU DU CLOS LUCÉ**

## Dag 12 - Do. 28 Mei 2026

### CHÂTEAU DE CHENONCEAU - LOIRE-VALLEI

Na 'n lieflike ontbyt vertrek ons groep na die pragtige **Château de Chenonceau** - een van Frankryk se elegantste kastele.

Hier kan jy rustig deur die kasteel stap met 'n oudiogids. Seldsame meubels en 'n kunsversameling wat werke van Tintoretto, Correggio, Rubens, Murillo, Van Dyck en Ribera insluit, pronk in hierdie kasteel.

Beide die befaamde Diane de Poitiers en koningin Catherine de Medici was uiters geheg aan Château de Chenonceau.

Dit beklemtoon werklik die elegansie van die 16de eeuse Renaissance-era in die Loire-vallei.

Ons oornag in ons hotel in die Loire-vallei.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €25 SUBSIDIE**
**OORNAG: AMBOISE**

**CHÂTEAU DE CHENONCEAU**


Château de Chenonceau


Château de Chenonceau


Loire-vallei

## Dag 13 - Vr. 29 Mei 2026

### GIVERNY - PARYS

Vanoggend besoek ons **Giverny** en die lieflike Claude Monet-huis en tuine. Later vertrek ons na **Parys**, vanwaar ons weer ons vlug terug na **Suid-Afrika** neem na 'n onvergeetlike toer.

**ONTBYT: INGESLUIT**

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**




# Dag 14 - Sa. 30 Mei 2026

## JOHANNESBURG

Ons land in **Johannesburg**. Nadat ons soveel gesien en beleef het, gaan ons nog jare lank die mooiste herinneringe hieraan koester!

**WinskoopToere behou die reg om die prys en toerprogram te wysig.




Carcasonne


Yvoire


Franse piekniek


Annecy


Amboise









# KLIEK HIER OM TE BESPREEK

OF BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING

★★★★★

“ Fantasies georganiseer. Uitstekende toerleiers met goeie kennis van plekke, niks is vir hul te veel moeite nie. Winskoop toere sal ons verseker weer sien!”

*- Karin de Villiers*

“Het die Franse Platteland toer 2024 saam met WinskoopToere gedoen en dit was n absolute fees.”

*- Gerda Roux*

“Hulle doen beslis hul slagspreek "droom, leef, reis" gestand. Professionele, maar persoonlike diens. ”

*- Elsabe Labuschagne*









Ems: +27 83 637 1542
Sarisna: +27 83 637 1642

WinskoopToere
DROOM · LEEF · REIS

droom@winskooptoere.co.za
www.winskooptoere.co.za